

“Vertel dit aan ander”

God is elke dag ... ja, elke oomblik besig in jou lewe! As die Groot Koning (vs 3) maak Hy erns met jou lewe ... met jou welsyn ... en met jou ewige toekoms. Niks gebeur met jou buite God om nie. En hierdie feit belig Psalm 48.

Dit lyk op die oog af asof hierdie Psalm net die lof van Sion wil besing ... asof hierdie Psalm die tempel in Jerusalem se lof uitjubel. Kyk maar net na vers 13a: wat 'n pragtige tempel ... tel sy torings ... bewonder sy mure ... bekyk sy versterkings. Maar daar eindig die Psalm nie. Nee. Dit gaan verder: “en vertel dit: Dié God is onse God”.

U moet onthou: om die tempel raak te sien, was vir die Ou-Testamentiese gelowige 'n bewondering van God self. Daarom is die bedoeling van hierdie Psalm juis om God se werke te besing ... om in lofsang uit te breek oor die bemoeienis van God met sy kind.

En só sien die gelowige die pragtige tempel ... maar hy sê: “gaan vertel dit vir die volgende geslag”. Sê dit vir hulle: kyk verby die betonstrukture van die tempel en sien raak (vs 15): “Dié God is onse God vir altyd.”

Só roep die digter die kerkvolk op: moet nie bloot gaan op 'n wandeling deur die tempel of deur die strate van Jerusalem nie, maar sien die heerlikheid en die grootsheid en die beskutting van God daarin raak. Net só is die Bybel in jou hand nie maar net nóg 'n boek nie. Nee, dis die Godsopenbaring wat jy moet oorvertel en gaan verkondig.

In Jesus Christus openbaar God juis dat Hy met jou besig is ... jou sonde afwas ... en jou vry maak. Daaroor kan géén mens stilbly nie. Nee, ons moet gaan vertel en praat ... ook aan die “volgende geslag” sê dat Christus die Verlosser is. En só is Psalm 48 'n lied van triomf elke dag van jou lewe.

Sing: Psalm 48:5 (1936)

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)